Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 14/2026

21 Augustus 2026

## Van die skoolhoof

### Genade

*Ef. 2:8 "Want uit genade is julle gered..."*

Graad 1's is gewoonlik baie opgewonde oor 'n Vrydagverkoping. Sakgeld word saamgeneem om van die lekkernye te koop. Soms kan die sakgeld egter nie al die versoekinge weerstaan nie, en dan word daar skuld gemaak.

Een van ons maats het so op skuld gekoop en onderneem om die daaropvolgende Maandag haar skuld te vereffen. Sy het net een klein probleempie gehad.

Maandag het aangebreek, en daarmee saam die dag waarop sy moes betaal. Die skuldeiser was gou op haar spoor en toe moes sy maar bieg: Sy het gedink haar baie los tand sou oor die naweek uitval. Dan kon sy die tandemuis se geld gebruik om haar skuld te betaal! Ag, maar die tand het te vas gesit en haar mooi plan het heeltemal misluk.

Gelukkig was die skuldeiser genadig. Sy kon maar betaal wanneer die tand uiteindelik gewissel het.

Hierdie eenvoudige verhaaltjie laat 'n mens glimlag, maar skuld is in die grootmenswêreld dikwels glad nie so onskuldig nie. Ons kan maklik meer aangaan as wat ons kan bekostig en onsself vasloop in skuld wat later 'n swaar las word.

Tog laat die verhaal van skuld en genade my ook aan 'n veel groter werklikheid dink. Die Bybel praat van ons sonde as skuld teenoor God, skuld wat ons nie self kan vereffen nie. Geen slim plan, goeie voorneme of eie poging kan dit betaal nie.

Juis daar is die evangelie vir ons gelowiges 'n groot troos.

Paulus skryf in **Kolossense 2:13–14** dat God ons saam met Christus lewend gemaak het en "die skuldbewys met sy eise teen ons uitgedelg" het. Christus het ons skuld nie bloot uitgestel totdat ons eendag self kan betaal nie. Hy het dit volledig op Hom geneem en daarvoor betaal.

Daarom leer Christus ons ook bid: "Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe." **(Matt. 6:12)**

Wie weet hoeveel skuld hom vergewe is, behoort anders teenoor ander te leef: minder vinnig om te veroordeel, meer bereid om te vergewe en genade te bewys. Dit geld vir ons in die klaskamer, vir ons almal buite die klaskamer en oral waar ons ons naaste teëkom.

Ons klein Graad 1-maatjie het gewag vir 'n los tand om haar skuld te betaal. Ons hoef gelukkig nie te wag vir 'n plan om ons grootste skuld te vereffen nie.
Dit is reeds betaal – deur Christus.

*Saskia Meijer*



## Beplanner

- **22/08:** HS Dagbestuuropleiding
- **24/08:** Tennisliga
- **25/08:** Veldskool 2027 vergadering
- **27/08:** Gr. 10-toervergadering
- **27/08:** HS Vakkeuse-vergadering
- **28/08:** HS Sagtebal vs Eduplex (tuis)
- **28/08:** LS meisieshokkie 0/10-0/13 vs LS Wonderboom te HS Overkruin
- **28/08:** Mini-hokkie kliniek
- **28/08:** KS Snoepie op die stoepie
- **29/08:** Mini-hokkie kliniek
- **29/08:** LS Jukskei-liga
- **29/08:** Bergfiets Eye of Africa Gholf and residential Estate
- **01/09:** KS Vrolike voetjiesdag
- **01/09:** LS meisieshokkie 0/10 – 0/13 te LS Mayville
- **03/09:** HS Lentedag
- **03/09:** LS Bulletjie rugby-afsluiting
- **04/09:** Gr. 7-speletjiesdag
- **04/09:** HS Gemeenskapsdag
- **04/09:** Gr.10-toer vertrek
- **04/09:** HS Netbal-afsluiting
- **05/09:** LS Jukskei-liga

# DIRKIES MAAK 'N MERK

**Janiqa Wasserval** het by KragDag aan die **perdryskou** deelgeneem.

Sy het baie goed gevaar en het verskeie plekke tydens die skou behaal:
3Gang Ryperd Reuns: 4de plek
3Gang Plesierperd: 3de plek.
3Gang Kinderryperd o.15: 3de plek
**UNIVERSELE KAMPIOEN VAN KAMPIOENE:** 2de plek.

Baie geluk, Janiqa. Ons is trots op jou!













**Zane Kotze** het uitstekend gevaar in **bergfietsry-kompetisies.** Sy neem deel aan die 10 km wedren wat oop is vir alle vrouens van alle ouderdomme. Tydens die Hazeldene MTB, Ford Trailseeker en C2U Bosveld MTB het sy eerste plek behaal.

## Bybelvasvra

Op **25 Augustus 2026** neem ses van ons skool se spanne deel aan die **Rapportryersbeweging** se uitdunrondte vir die Bybelvasvra.

Twee spanne van die **laerskool** en vier spanne van die **hoërskool** gaan deelneem. Baie sterkte!




## MOOT DRAMAFEES 2026

**Moot DRAMAFEES** nooi julle vriendelik uit om te kom deelneem aan hierdie unieke geleentheid vir kinders in die Moot en elders. Dis 'n inisiatief van die **FAK** om kunste in die Moot te bevorder en hulle borg die pragtige medaljes, sertifikate en plakkers. Hoewel daar heelwat geleenthede is waar kinders hul talente kan uitleef, wou ons spesifiek iets doen vir hierdie omgewing. Soos by alle ander kunswedstryde, word beoordelaars gekies uit die RAB (Raad v Afrikaanse beoordelaars) en hoewel 'n hoë standaard gehandhaaf word, vind dit plaas in 'n vriendelike omgewing.

Alle inskrywings sluit **31 Augustus**. Laat inskrywings sal tot 3 September oorweeg word.

Sillabus, inskrywings en algemene inligting is te vinde in die skakels.
Hoop om julle daar te sien!
Vriendelike groete
Sarina Dönges

**Sillabus** >     **Inskrywings >**




DIE KINDERFONDS

Baie dankie vir die ondersteuning met die wynverkope.

Daar is nog enkele bottels Shiraz-wyn op die winkel te koop. Dit is ten bate van Die Kinderfonds.

# Kleuterskool

**Neem kennis van die volgende datums:**

**28 Augustus:** Snoepie op die stoepie

**1 September**: Vrolike voetjiesdag

**18 September**: Oupa-en-oumadag

**19 September:** Witolifantverkoping

**22 September:** Oueraand

**23 September:** Skool sluit

**19 November:** Gradeplegtigheid

**26 November:** Kuierdag vir nuwe kleuters (2027)





# TOETSROOSTER

## Kwartaal 3 (2026)

| DAG | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| **Do. 3 Sep.** | Engels | Engels | Engels | Engels |
| **Di. 8 Sep.** | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |

Die ander vakke vorm nie in hierdie kwartaal deel van die toetsreeks nie, maar wel deel van die deurlopende assessering, projekte en klastoetse.






# Laerskool

## Buitemuurse sport

Die **Moot Rugby Academy** bied vir die **o.8- en o.9-spelers** die geleentheid waartydens hulle gemaklik gemaak word met volkontak-rugby. Die seuns word deur opgeleide afrigters geleer hoe om rugby op die regte manier te benader om veral beserings te voorkom. Meer inligting op die skakel.

### Oryx rugby

Ons spelers is uitgenooi om deel te word van die **Oryx Youth Club**. Dit is onder leiding van mnr. Johan Basson wat ook betrokke by die Bulletjie Rugby is.

Daar is ook geleentheid vir die hoërskoolseuns om daar te gaan speel.

Alhoewel die oefeninge reeds begin het, word almal uitgenooi om te kom deelneem.



# Hoërskool

## Gr 8- en 9-gemeenskapsdag

Op **4 September** gaan die graad 8- en 9-leerlinge weer op 'n **gemeenskapsuitreik**. Die **graad 8's** se tema is **natuurbewaring**, en hul gaan op die **Magaliesberg** werk saam met Vriende van die Magalies. Die **graad 9's** se tema is **haweloses**. Hul gaan die organisasie **Moeggesukkel** besoek en hulp verleen aan die mense daar. Vir die doel samel ons nie-bederfbare kos in om daar te gaan uitdeel.

Help ons om die volgende **items** in te samel:
Blikkieskos
Pasta
Rys
Mieliemeel
Soppoeier



Handig teen **2 September** by jou **voogonderwyser** in.

## Sterkte aan ons matrieks!

**Maandag** begin ons matrieks met hul **rekordeksamen** – 'n belangrike mylpaal op die laaste deel van hul skoolpad.

Ons wens elke matriek baie sterkte toe. Mag julle met ywer voorberei, met kalmte skryf en werk met die gawes en vermoëns waarmee die Here julle toegerus het.

Onthou die woorde van **Kolossense 3:23:** "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here."

Ons dink aan julle, bid vir julle en glo dat harde werk en volharding goeie vrug sal dra.

Sterkte, Matrieks!




## Graad 9-vakkeuse- en toervergadering

Die Graad 9-vakkeuse- en toervergadering (vir 2027) vind op **Donderdag 27 Augustus 2026** plaas. Alle graad 9's en hul ouers word uitgenooi om die vergaderings by te woon




GSDP
10% afslag
#dirkie2026

Mac Muffin's Cakes

**Koeke, kolwyntjieskoeke, kolwyntjies, ens.**

Michelle Verhoef
0843364876

ARRIE NEL APTEEKGROEP
Familie Waardes, Waarde vir die hele Familie!

# WELKOM IN ARRIE NEL apteek WÊRELD!

www.arrienel.co.za

PHARMA FEN
THE SCIENCE BEHIND HEALTHCARE

# BESTEL U MEDIKASIE OP WHATSAPP EN ONS DOEN DIE RES!

**KILNERPARK** APTEEK
012 012 5171 | 079 105 1793

**TOTIUSDAL** APTEEK+KLINIEK
012 332 1911/2 | 061 549 2255

# KUMON VILLIERIA

# KLEIN TREË. STERK FONDASIES. GROOT VORDERING.

**Nou oop in Waverley Plaza**

Help jou kind om met selfvertroue en onafhanklikheid te leer!

## WISKUNDE

Bou 'n sterk grondslag en verbeter spoed, akkuraatheid en probleemoplossingsvaardighede.

## ENGELS

Ontwikkel woordeskat, leesbegrip, grammatika en selfvertroue in Engels as 'n tweede taal.

## KUMON CONNECT

Die bekende Kumon-werkkaarte - nou beskikbaar digitaal op tablet - met maklike indiening en deurlopende terugvoer.

Scan me!

**Bespreek 'n gratis assessering**

076 781 3428

https://www.kumon.co.za/book-assessment/villieria




# HOOGTEPUNTE VAN EUROPATOER

*met Keukenhof*

**19 APRIL - 1 MEI 2027**

## KOM BELEEF DIE MOOISTE DELE VAN EUROPA!


Brugge

## WAT IS DIE HOOGTEPUNTE VAN EUROPA?

Die WinskoopToereFamilie het na jare se reis 'n fantastiese toerplan uiteengesit wat die allermooiste stede, dorpe en landmerke van Europa vier. Sedert 2016 is hierdie toer elke jaar uiters gewild. Dit bied 'n geweldige goeie oorsig oor, wat ons reken, Hoogtepunte van Europa is. Op hierdie toer kry jy die geleentheid om 5 lande te besoek: Italië, Switserland, Frankryk, België en Nederland. Ons toer sluit af by die hoogtepunt van hoogtepunte: Keukenhof - 'n tuin met meer as 7 miljoen tulpe!

**Bespreek vandag nog**


Venesië


Verona


Luzernmeer

Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

# STUDEER
## roepingsgedrewe *onderwys*




**Aros bied die volgende ten volle geakkrediteerde kwalifikasies aan:**

- BEd in **Grondslagfase**
- BEd in **Intermediêre Fase**
- BEd in **SF en VOO**
- **Hoër Sertifikaat** in Onderwys
- **Nagraadse** Onderwyssertifikaat
- BEdHons in **Kurrikulumstudie**
- BEdHons in **Leerondersteuning**
- BEdHons in **Onderwysbestuur en -leierskap**

*Dis 'n fees om 'n Arrie te wees!*

Hier word **roepingsgedrewe** en **doelgerigte** studente vanuit 'n **Christelike** perspektief opgelei in **Afrikaans**, hul moedertaal.

Aros maak van 'n uiters toeganklike **afstandsonderrigmodel** gebruik, waar studente tydens hul studiejare kan **werk én studeer**.

www.aros.ac.za info@aros.ac.za 012 332 3227

# Snapscan Kodes

GSDP-SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:</u>
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-BOUFONDS

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

